# HARTENBOS VAKANSIEDORP HUISEIENAARSVERENIGING

NOTULE VAN ALGEMENE JAARVERGADERING NO 20
GEHOU OP 27 DESEMBER 2016 OM 09:00 BY DIE NG KERKSAAL, HARTENBOS

1. **TEENWOORDIG:**
73 Lede soos per presensielys.

2. OPENING

Die vergadering word deur Ds Cobie Breedt met gebed geopen.

3. NOTULE VAN JAARVERGADERING NO 20 GEHOU OP 28 DESEMBER 2015

Die notule van hierdie vergadering is aan al die lede gesirkuleer. Geen terugvoer rondom die korrektheid daarvan is ontvang nie en die notule is as korrek aanvaar. Sake in hierdie notule is in die Bestuursvergaderings in die loop van die jaar opgeneem en afgehandel.

4. VASSTEL VAN DIE SAKELYS

Die lede het kennis gekry van die sluitingsdatum vir die sakelys en die sakelys word vasgestel soos voorgelê.

5. VOORSITTER SE VERSLAG

5.1 Ek wil u graag hartlik welkom heet by hierdie 21ste Jaarvergadering van die Hartenbos Vakansiedorp Huiseienaarsvereniging. Die vergadering is behoorlik gekonstitueer in terme van die kennisgewing, en ledetal teenwoordig. Daarom gaan ek voort om die vergadering te lei.

5.2 VASSTEL VAN SAKELYS

Lede het kennis gekry van die sluitingsdatum vir die sakelys en aangesien geen voorstelle vir bespreking ontvang is nie, word die sakelys vasgestel soos aan u voorgelê.

5.3 VOORSITTER SE VERSLAG

5.3.1 So kom ons dan nou aan die einde van 2016. Dit is met vreugde dat ons terugkyk op die GROOT GENADE wat ons uit die Vaderhand ontvang het. Ons sien vreugde, en seëninge om weer met ons gesinne, vriende, bure en ook ATKV hier op Hartenbos, verenig te kon word. maar, …………. ongelukkig soms ook hartseer. So moet ek ook aankondig dat Judy, die eggenote van Jan Combrinck, 'n vorige Voorsitter van ons Vereniging, verlede week begrawe is. Omdat ons voel soos een groot Hartenbosfamilie, wil ons hulde bring aan lede of familielede wat ons die afgelope jaar ontval het. Daarom wil ek vra dat almal as blyk van eerbied, sal opstaan asb. Terwyl ons met geboë hoofde staan, dink ons aan geliefdes wat met ernstige siektes worstel of wat ons hierdie jaar ontval het. So wil ons dan hulde bring aan hul bydraes om Hartenbos te bou tot die

pragoord wat ons vandag hier beleef. Ons wil aan die wat ons verlaat het sê dat ons hul bydraes waardeer en sal poog om dit in die toekoms te kan gestand doen. Mag die Here ons hiertoe krag en genade gee? ……. Dankie.

5.3.2 SEKURITEIT

Die verhoogde bou-aktiwiteite by die Seefront Ontwikkeling het ook ongewensde elemente hierheen gelok. Om hierdie elemente 'op sig' uit ons gebied te verwyder, deur sekuriteit, het die 'PRIVAAT EIENDOM/GEEN TOEGANG' bordjies baie gehelp.

Die ekstra sekuriteitsbeampte wat aangestel is om Karoo-dorp tydens die bouery te help beveilig, het baie gehelp. Kriminele raak egter al meer gesofistikeerd. So verneem ons dat 2 inbraaksindikate wat die afgelope tyd in die groter Mosselbaai gebied aangekeer is blykbaar in samewerking met 'n blanke vrou was. Sy het die aflaai- en ontsnapmotor bestuur. Sy sal mos die minste agterdog wek. Toe die polisie haar voorkeer kon sy nie verduidelik hoekom al haar passassiers swart mans is wat balaklawas, swart handskoene en swart klere aan het nie.

Vir Bestuur is veiligheid nie onderhandelbaar nie! Die laaste paar maande het ons sekuriteits-beamptes ook waardevolle werk as 'voëlwagters' gedoen om die bosluisvoëls te help verwilder met klappers net voor hul broeiseisoen begin het.

Ek wil lede spesiaal bedank vir u mooi omgang met sekuriteitsbeamptes. So word een ouer dameslid, sy woon alleen in Karoo-dorp, elke aand so 9/10:00 deur die sekuriteitsbeampte aan diens besoek en vriendelik gevra "Is Oumies veilig en reg vir die nag?" Die bekertjie koffie en ook 'n toebroodjie wat hulle dan soms by haar kry, waardeer hulle baie. Toe een lid gedurende die jaar na 'n ernstige hartomleidingsoperasie in Pretoria by sy huis hier aanland het sekuriteits-beampte, Gert, hom ingewag om te help aflaai, want "Ek't gehoor Meneer is geopereer en moet tog nie swaar goed dra nie". Vriende, dis hierdie mooi verhoudings en gesindhede wat ons een groot gelukkige familie hier op Hartenbos maak. Die uiters bekwame werk van hoofsekuriteitsbeampte, Fortuin, verdien hier spesiale vermelding. Bestuur beveel aan dat daar weer 'n klein aansporingsbonus aan sekuriteits-beamptes oorhandig word.

Louis Du Plooy, hoof van sekuriteit, is hier as u enige vrae het. (Bern, my kleinseun, se fiets op gras).

5.3.3 ATKV ONTWIKKELING STRANDFRONT

Fase Een van die Strandfrontontwikkeling is voltooi. Daar is groeipyne ja veral die irritasies vir lede in Dalmanuthalaan wat vanjaar verhoogde verkeer dra. Die tydelike sluiting van Outeniqualaan, waaroor lede oorweldigend positiewe kommentaar aan Bestuur oorgedra het, is Bestuur se poging om te keer dat konstruksielorries ons privaatpaaie in Karoodorp beskadig. Dat die hekke in karoodorp reeds aangebring was, ons kon dit dus deur die jaar ook toemaak, het ons baie gehelp om ongewensde verkeer uit ons oord te kon weer. Bestuur vra u geduld met hierdie aksies asb. Ons siening is deurgaans dat die strate in ons gebied aan ons behoort, deur ons onderhou word en slegs vir ons eie mense/gaste/noodvoertuie is. Oor die beweging van ons eie mense het ons nog nooit enige besware gehad nie.

Morné, het ingewillig om ons weer, soos verlede jaar, oor vordering van die hele ontwikkeling kortliks te kom inlig. Morné asb.

5.3.4 HARDE MUSIEK IN AMFI-TEATER

Na sinvolle gesprekke hieroor met ATKV is dit suksesvol aangespreek. Ek laat die klank rondom die amphi teater die jaar met elke byeenkoms deur 'n private/onverbonde klankingenieur in al vier rigtings meet. Ek het die uitslae ontvang. Alles word sover in orde bevind met net die wind wat een aand die klank bietjie verwring het. Daaraan kan mens egter baie min doen. Alles word dus vanjaar in ooreenstemming met die Weskaapse Geraasbesoedelingswet aangebied wat mens tot dankbaarheid stem. By wyse van voorbeeld kan ek net noem dat die klanklesing van ds Groenewald se preek (en dit was vir niemand lastig nie) Kersoggend bv. hoër was as die lesing van die sang van die geskatte 20 000 mense. Dit wys net hoe bedrieglik die menslike oor/of die mens se oordeel soms kan wees.

Tog wil ek lede versoek om liefs deur Bestuur te werk en nie self te probeer optree nie. So het ek bv. 'n klagte ontvang deur die organiseerders van die SuidKaap vir Christus fees in Oktober/Nov. dat 'n dame-inwoner uit Karoodorp die Sondagoggenddiens in die Amphi probeer ontwrig het deur te kom rumoer oor die "geraas" tydens die erediens. Dit terwyl mense (een boer- ek het foto's daarvan ontvang - het van so ver as Willowmore met 'n seil oor sy lorrie al sy plaaswerkers hierheen gebring om die Suidkaap vir Christus fees en oom Angus se preek te kan kom bywoon. Hoe pragtig nie? Toe ek persoonlik ingaan op die klagte is bevind dat die organiseerders elke jota en titel van die Wet eerbiedig het. Bestuur sal lede ongelukkig nie kan beskerm as klagtes oor hul optrede by die polisie beland nie.

Ek wil u aanmoedig om die eredienste, byeenkomste en konserte op die Amfi saam met u gesinne by te woon en dit te ondersteun. Die amfi was, is en sal hopelik ook in die verre toekoms steeds die HART van Hartenbos uitmaak. Hier dink ons aan die multi-funksionele aard van die byeenkomste –Boeremark, Bybelstap, Touchies, Deurnag vir KANSA, ens. ens. ens. Watter pragtige gesig was dit nie Kersoggend toe 21 560 mense (hulle is getel by die 2 hekke) die diens daar bygewoon het nie?

5.3.5 HEFFING OP STRAATLIGTE

Ons is steeds in 'n verbete stryd met die Stadsraad oor betaling van die heffing op straatligte. Die erkenning van ons as privaatdorp sal grootliks ons strategie vorentoe betaal.

'n Interessante voorstel wat tydens besprekings in Bestuursvergaderings oor die saak op die tafel verskyn het, is of ons nie moet begin kyk na sonkrag vir die straatligte en sekuriteitskameras daarmee saam nie. Sonkrag is immers gratis. Ons sal dit beslis vorentoe verder ondersoek.

Bestuur kyk ook na basiese huis-alarms met radio kontak met die wagte op die grond vir vinnige reaksie op inbrake. Albert neem hier die leiding. Hieroor moet ons egter nog heelwat huiswerk doen.

5.3.6 LAS VAN VOëLS

Met dankbaarheid kan ek meld dat ons eindelik die oorlog teen die indringervoëls, cattle egrets, gewen het. Hiervoor moes ekself een maal afvlieg vir 'n dringende vergadering met Natuur-bewaring. Dank hier aan Raadslid Petri Terblanche wat die Munisipaliteit sover kon kry om die uitheemse dennebome op hul koste te verwyder. Een van ons lede, Dr. Barno Pieters, se brief oor die gesondheidsgevaar van die voëls het aan ons ook die nodige slaankrag gegee.

Dank ook aan Nico Marais met sy kanon en sekuriteitsbeamptes wat tot hul groot vermaak en groot ontsteltenis van die voëls, die klappers wat Bestuur aan hul voorsien het, kon afskiet.

5.3.7 BOU SONDER PLANNE

Huiseienaars wat bouery beplan moet asb noukeurig luister na die volgende kennisgewing van die munisipaliteit. Dit lui: "Sedert Donderdag, 27 Oktober 2016, sal alle bouwerk, ook tydelike hout-strukture (wendy-huise) van 12 vk m of kleiner, skadunetstrukture en grensmure wat laer is as 1,8m vir goedkeuring voorgelê moet word voordat met bouwerk begin kan word Munisipaliteit se Bou-afdeling kyk nie eers na 'n plan wat nie die Huiseienaarsvereniging se stempel dra nie. Die bou-inspekteur gaan kyk eers na die beplande bouwerk VOORDAT na die plan gekyk word. Indien u bouer opdrag gee om te begin bou voor plan goedgekeur is is u 'n kandidaat vir die Munisipale boete van R6000. En onthou tog asb. die regulasies oor bouwerk/verbouings aan asbesstrukture. Dank teenoor Erina vir die goeie en dikwels ondankbare taak wat sy hier so getrou vir ons uitvoer. Sy het vanjaar in total 3 nuwe en 27 verbouings goedgekeur.

5.3.8 TOEKOMSVISIE VIR ONS VERENIGING

Na bespreking en konsultasie met u as lede deur die loop van die jaar oor ons langtermynvisie is dit verfyn en lê Bestuur die voltooide produk dan vandag aan u voor. Dis per epos aan u versend. Die stuk verskyn op ons webblad. (Plaas dit tog asb in 'n plastieksakkie agter u voordeur saam met ons Reëls). Dankie aan lede wat deur die loop van die jaar sinvolle insette aan ons gelewer het hieroor. Die doel was om die unieke aard, atmosfeer en karakter van ons geliefde Hartenbos as gesinsvakansieoord te beskerm en uit te bou tot totale genot en stigting van hulle (oud en jonk) wat na ons sou kom. Dit sal nou dien as riglyn vir toekomstige besture waaraan hul besluite gemeet sal kan word.

5.3.9 OMBUD VIR HUISEIENAARSVERENIGINGS

Nuwe Wetgewing bepaal dat ons vanaf 2017 by die Ombud vir Huiseienaarsverenigings moet registreer. Bestuur sal aandag gee aan die implikasies hiervan vir ons as Vereniging.

5.3.10 Ander sake Sake wat deurlopend op vergaderings aandag geniet het is die volgende:

5.3.11 Padinstandhouding word gedoen ooreenkomstig ons prioriteitslys – hier doen Attie vir ons baie goeie werk. Die onderste deel van Tugelalaan ('n munisipale straat) tussen Sandrivier en Radynstraat is herseël en ook afgerond met mooi oorrybare randstene. Om die water wat soms vanaf die Amphi daar versamel te laat oorloop in die stormwaterpype in Radynstraat is 'n 'grit' daar installeer. Dit

werk goed. Om deurverkeer na die see deur Sandrivier/Mooinooientjie te laat afneem laat ons tans ook ‘n bord maak vir Tugelalaan wat ingang na Strydomsoord verleen wat as volg sal lui: GEEN DEURGANG NA SEE/ PRIVATE EIENDOM/ SLEGS VIR INWONERS.

Met Mosegalaan se toemaak het inwoners, onder leiding van Luki, mooi saamgewerk. Die straat is ‘geblok’ met bollards weerskante. Dit voorkom die lastige deurry van vakansie-gangers en kleiner kinders kan nou veilig speel. Iets wat lede in Perlemoenstraat reeds oor jare al met groot sukses toepas.

Toemaak van strate. Die ‘boom’ in Port Natalweg teen die karavaanpark, Terrein F se noordekant, werk nou al paar jaar goed. Deurgang na die see deur Strydomsoord, veral Sandrivier se mense kla reeds geruime tyd hieroor, kan voorkom word deur die hekke in Mooinooientjiestraat ook te begin toemaak. Bestuur sal die jaar ernstig aandag gee hieraan, aangesien so ‘n besluit reeds 5jr gelede op die Jaarvergadering deur lede van Strydomsoord goedgekeur is.

5.3.12 Vullisverwydering Bestuur reël weer op eie koste in die vakansieseisoen Vrydae ‘n ekstra verwydering van vullis.

5.3.13 Verkeerspolisie. Ek wil lede en vakansiegangers komplimenteer met hul stadige ordelike spoed binne ons terrein vanjaar. Die spoedgrens is deurgaans 40km p uur.

5.3.14 Rondloperkatte. Dit raak ‘n al groter probleem in ons oord. Ek wil inwoners asb waarsku om nie katte te voer en GEEN vensters snags oop te laat nie. Katte klim maklik in en vreet aan u ‘oorskietkos’. Die DBV se mooi pogings om hulle te vang, te laat steriliseer en weer los te laat keer wel hul aanteel maar los nog nie die probleem van nagtelike besoekers vir inwoners op nie.

5.3.15 Eiendomsbelasting. U het tyd tot 31 Januarie 2017 om beswaar aan te teken oor u waardasie. Vorms is by Munisipaliteit beskikbaar en ek wil lede aanmoedig om ‘in beginsel’ beswaar aan te teken veral aangesien ons nou onder protes vir ons eie straatligte betaal.

5.3.16 Tuindienste verslae wat ons gereeld op vergaderings ontvang en hanteer, skets ‘n pragtige beeld. Ons het vanjaar 3 maal ‘n breëblaar onkruiddoder deur die hele oord laat spuit en sodoende meeste van die verpestelike duwweltjies bestry. Ons begin die stryd nou wen. Die enkele navrae/probleme van lede, is aan Theo deurgegee wat hy self met lede opgeneem het.

5.3.17 Ek wil tog ook weer die Munisipale Regulasies oor die aanhou van honde onder u aandag bring. In wese beteken dit eenvoudig u hond is IN U HUIS OF AAN LEIBAND BUITE U HUIS MET PAPIERSAKKIE OM GEMORS OP TE TEL.

5.3.18 Laastens wil ek vir u sê dat ek vanjaar weer diep onder die indruk gekom het van die groot werklas wat veral deur Schalk se hande gaan. My dank gaan ook aan die hele bestuur vir uiters waardevolle werk wat hulle onbaatsugtig aan ons Vereeniging lewer. Daarvoor verdien hulle ons opregte dank en waardering. Ons het drie vergaderings die jaar gehou wat ons probeer skeduleer het binne skoolvakansies waartydens Bestuurslede, wat nie op Hartenbos woon nie, op eie koste na Hartenbos gereis het. Dit was groot besparing aan reiskoste.

Hiermee lê ek dan nou my Jaarverslag vir kommentaar aan u voor.

5.4 BESPREKING

5.4.1 Die kwessie van die voëls word bespreek. Die probleem met die voëls is met die hulp van lede en sekuriteit grootliks opgelos

5.4.2 Ons sal jaarliks die saak noukeurig moet dophou.

5.4.3 Die kwessie van die harde klank is volledig nagevors. Du Toit gee tegniese inligting oor wat gedoen is en die effek daarvan. Die gevalle waar die klank die gestelde perk oorskrei het is dadelik aangespreek.

6. FINANSIëLE VERSLAG EN BEGROTING

6.1 Die geouditeerde finansiële state word aan die vergadering voorgehou. Die vergadering neem kennis. Die state is by die afgelope bestuursvergadering voorgelê vir goedkeuring. Die voorsitter en sekretaris sal die state namens die vereniging teken. Grant Thornton George word aangestel vir die volgende jaar se oudit.

6.2 Die begroting word voorgehou. Die vergadering neem kennis

7. ATKV ONTWIKKELING

Die bestuurder van Hartenbos, Mornay Beukes gee kortliks toeligting oor die beplande ontwikkeling van die strandfront area. Punte wat hy uitlig is die volgende:

7.1.1 Die een deel van die ontwikkeling is redelik afgehandel. Kennis is geneem van die koste van toegang en dit is vir die seisoen aangepas. Die geboue aan die noordekant sal na die seisoen opgradeer word. Die mikpunt is om teen Julie 2017 klaar te wees.

7.1.2 Die fases sluit die Walvissaal, Sokkiesaal en Na Donker fasiliteit in.

7.1.3 Die pad aan die noordekant moet gebou word.

7.1.4 Die planne en fase ontwikkeling is in die voorportaal van die saal uitgestal.

8. WYSIGING KONSTITUSIE

Die volgende is aan lede gesirkuleer en word voorgelê as wysiging van die konstitusie. Die sal bygevoeg word by klousule 4 as onderafdeling 4.8

“Die vereniging bestaan uit 403 lede. Indien enige twee of meer erwe gekonsolideer word om een nuwe erf met ’n unieke nommer te vorm sal die heffing op daardie erf bereken word op elke oorspronklike erf soos voor die konsolidasie.”

**Besluit :**

Die wysiging word sonder teen stem goedgekeur

9. VERKIESING VAN BESTUUR

Die volgende persone is in terme van die Konstitusie en behoorlik vir die bestuur genomineer. Die nominasie val binne die riglyn van die konstitusie en die lede word tot die bestuur verkies.

Albert Grobler – 083 400 1221
Attie Goosen – 071 341 2496
Boeta van Heerden – 082 464 5434
Schalk van Vuuren – 083 628 7900
Ras du Toit – 083 415 7276
Erina Marais – 083 233 7108
Lukie van Niekerk – 083 373 7400
Dries du Toit – 083 270 4695

BESLUIT

Die verkose bestuur kom net na die vergadering byeen en die volgende ampsdraers word voorlopig gekies:

| | |
|---|---|
| Voorsitter | Dries du Toit |
| O/Voorsitter | Erina Marais |
| Sekretaris | Schalk van Vuuren |

10. SLOTWOORD EN AFSLUITING

10.1 Baie dankie aan lede vir u komplimente deur die loop van die jaar en ook aan die wat positiewe kommentaar en bydraes gelewer het. Weereens ook my dank aan elke Bestuurslid. Ek dink julle het julle goed van jul taak gekwyt. Ons vertrou dat u almal 'n aangename Kersdag saam met u geliefdes deurgebring het. Mag 2017 vir u 'n goeie jaar wees met baie voorspoed.

Die vergadering verdaag om 10:30

**GOEDGEKEUR EN ONDERTEKEN IN ................................................................ OP**

**HIERDIE .................. DAG VAN ................................................................ 20 ................**

**---------------------------------** **........................................**
**VOORSITTER** **SEKRETARIS**